HOOF:

Mnr. Koos Venter

GR R ONDERWYSERESSE:

Alta van Wyk

Corlia Williams

Joey du Plessis

Magda Benadé

GR R ADMIN PERSONEEL:

Angélique Pretorius

Berna Denton

Tel/Fax: 014 777 1234/5
Epos: tjokkers@lsthabazimbi.co.za
Web: www.lsthabazimbi.co.za

LAERSKOOL THABAZIMBI

BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE U

KIND SE GRAAD R JAAR!!!

TJOKKERSKOOL



Speel-speel ontwikkel

ons tot skoolgereedheid.

Gr. R Inligtingstuk

Tjokkerskool van Laerskool Thabazimbi verwelkom u en u kind in ons wenskool.
Vir u aandag:

1. **Kuierdag:** 10 Januarie 2017 – 'n kort besoek vanaf 09:00 – 10:00 waartydens u kind sy/haar Juffrou ontmoet en u die T-hemde kom afhaal.

2. **Eerste skooldag**: 11 Januarie 2017 om 07:15 vergader leerders en ouers by die Tjokkerskool.

3. **Tye**: 07:15 – 12:45

   Die aankomstyd is om 07:00-07:45 en leerders moet stiptelik om **12:45** gehaal word. Leerders mag nie net by die hek afgelaai word nie, maar moet tot by die klas deur 'n ouer persoon vergesel word. In die middag moet hul by die klas afgehaal word. Geen kind word toegelaat om die terrein te verlaat sonder toesig nie.

4. **Ouers mag inry tot by die Tjokkerskool**, **maar moet asseblief baie versigtig wees vir die leerders wat die pad kruis**.

5. **Busvervoer**: Ons moet weet indien u kind van busvervoer gebruik maak, sodat ons kan reël dat die Tjokkerskool Assistent hul begelei tot by die bus.

6. **Pakkie met benodigdhede vir Gr. R**.
   Pakkie word deur skool voorsien. Die koste is ingesluit by die skoolfonds.
   Die pakkie bestaan uit:
   - Stoelsakkie
   - Wit skryfbord
   - 1 Lêertjie
   - 40g Gomstafie
   - Witbordmerkpen
   - Uitdraaikryte (12)
   - Leerderpotlood
   - Koevertlêer

7. **Tassie en Inhoud**: Verkieslik 'n tassie wat ten minste 'n A4 kan vat.
   i. **Kospakkie**: Gesonde vrugte, vrugtesap, versnaperings en broodjie. **GEEN ENERGIE DRANKIE** soos bv. Energade! **GEEN LEKKERGOED!**
   ii. **Speelgoed**: **GEEN SPEELGOED** mag saamkom skooltoe nie. Die harte word baie seer as ander maats dit breek en dit veroorsaak rusies.
   iii. **Klere**: Alle klere moet duidelik **gemerk** word. Leerders ken nie altyd hul eie klere nie! Pak asseblief daagliks 'n stel skoon klere in, vir ingeval u kind dit benodig.
   iv. **Omsendbriewe**: ***Kontroleer daagliks u kind se tassie vir briewe.***

8. **T-hemde**: Daar is 5 gedrukte hempies beskikbaar by die verskaffer **In die Kol Tekstiel Drukkers**. Alle bestellings en navrae kan gedoen word by Salomien 0724633657.
   (Sien bestelvorm aangeheg)

9. **Medikasie**: Geen medikasie mag in leerder se tas geplaas word nie. Indien die leerder medikasie benodig, moet die ouer die medisyne in 'n plastiese sakkie / bakkie, met die leerder se naam en die dosering daarop aangedui, aan die onderwyseres oorhandig.

10. **Kwaadwillige beskadiging**: Ouers sal aanspreeklik gehou word vir kwaadwillige beskadiging van apparaat of geboue op die skoolterrein.

11. **Snoepie**: Elke Woensdag is dit snoepiedag. Almal kry dieselfde lekkers om onenigheid uit te skakel. Snoepiegelde beloop **R5 per week**. Die gelde is maandeliks of kwartaalliks vooruitbetaalbaar.

12. **Atletiek**:
    Eerste kwartaal: Tjokker-atletiekdag – meer inligting sal later deurgegee word.

13. **Oueraand**: Daar word elke kwartaal 'n oueraand gehou om u op hoogte te hou van u kind se vordering. Indien daar enige probleme is, mag u dadelik met die onderwyseres kontak maak. U sal vooraf per brief in kennis gestel word.
    Ons eerste oueraand is 12 Januarie 2017 en ons wil graag alle ouers hier hê om belangrike reëlings te tref.

14. **Aansteeklike siektes**: Leerders met **aansteeklike siektes** onderlede mag nie skool toe gestuur word nie.

15. **Verandering van alle persoonlike inligting**: Indien u **adres, posadres, telefoonnommers,** verander moet u die nuwe inligting dadelik aan ons deurgee. Indien u kind se **vervoerreëlings** verander, moet u ons persoonlik skakel of per brief in kennis stel. Moet asseblief nie 'n boodskap met u Gr R-kind stuur nie.

16. **Skoolverlating**: Meld by die Administratiewe kantoor aan om die nodige dokumentasie te verkry, en stel die onderwyseres in kennis.

17. **Skoolgelde**: Die skoolfonds beloop **R1115.00** per leerder per maand vir 2017. Ons verkies dat u per debietorder sal betaal, so nie kan u die geld by u kind se klasonderwyseres of die **Finansiële kantoor** inbetaal. Die skool het nou ook kaart fasiliteite beskikbaar.
    Finansiële kantoorure: 8:00 – 13:15
    Kontak persoon: Gie Prinsloo
    Kontaknommer: 0147771234
    Bankbesonderhede: ABSA, Tjekrekening, Rek nr. 1580830265, Takkode 334346, gebruik familiekode, kind se naam en van As verwysing.

18. **Geld:** ***Geld sal slegs aanvaar word deur die Gr. R personeel as dit in u kind se geldkoevert is met 'n aanduiding waarvoor die geld is.***

19. **Verjaarsdagpartytjie**: U is welkom om koek en pakkies met lekkers te bring wanneer u kind verjaar. Tref asseblief reëlings met die Juffrou.

Ons sien uit na 'n jaar waarin u kind speel-speel tot skoolgereedheid gaan ontwikkel. Skakel ons gerus indien u enige vrae of probleme het by 014 777 1234/5